

Psalm 110

Ek glo – Christus kom weer!

Inleiding

- Ons het verlede week gehoor dat Christus aktief besig om vir jou in te tree by die Vader en om vir elkeen wat in Hom glo, 'n woonplek voor te berei.
 - Vanoggend gaan ons dan aan op dit wat daarop volg.
 - So gaan ons veral agterkom dat die verskillende aspekte van ons belydenis mekaar nooit weerspreek nie, maar mekaar bevestig, beklemtoon en bekragtig.
- Daarom kan ons met sekerheid weet dat Christus weer sal kom om te oordeel.
 - Dit word net moontlik gemaak deur die feit dat Hy reeds een keer gekom het, Hy het gesterf en opgestaan en Hy het opgevaar na die hemel.
 - Tot dusver het ons in die belydenis gefokus op wie God is, en alles wat Christus reeds gedoen het.
 - Ons beweeg nou oor na dit toe wat Christus nog gaan doen.
- Eenvoudig gestel – Christus het reeds die oorwinning behaal, maar Hy moet nog terugkom om die oordeel te voltrek.
 - Hierin sien ons die kosbare profetiese aard van wat nog kom.
 - Daarom sien ons dan reeds in die psalms die kosbare belofte wat ook in ons belydenis is – Christus kom weer.
 - Christus is die Here.
 - Christus is op pad
 - Volhard tot die einde aanbreek.

Christus is die Here

- Psalm 110 is een van die psalms wat die meeste aangehaal word in die Nuwe Testament.
 - Dikwels word hierdie psalm gebruik om verskeie gedeeltes in die boek Hebreërs te verklaar met die oog op Christus se priesterskap.
 - Tog kan ons nie die sterk karakter van Jesus se koningskap hoog genoeg ag nie.
- In die laaste paar weke het ons gefokus op wat Jesus gedoen het.

- Laasweek het ons veral gefokus op wat Jesus spesifiek op hierdie oomblik besig is om te doen.
 - Daarom is die natuurlike gevolg om vanoggend die klem te plaas op dit wat wag.
 - Ons fokus op dit wat Jesus nog gaan doen.
- Dawid is die outeur van hierdie psalm.
 - Deur die eeue het verskeie kommentare genoem dat Dawid die koning is van wie gepraat word in die psalm.
 - Tog is dit nie moontlik nie.
 - In vers 1 lees ons – “Die Here het vir my heer die koning gesê”
 - Dawid kan tog nie na homself as “heer” verwys nie, daarom moet ons die gevolgtrekking maak dat Dawid hier na ‘n ander koning en selfs groter koning verwys.
- In hierdie vers kom die woord “Here” en “heer” van twee verskillende Hebreeuse woorde af.
 - Die eerste is die verbondsnaam van God.
 - Die God wat Homself aan Abraham, Isak en Jakob bekend maak en ook aan sy volk.
 - Dit is die verbondsgod wat in verhouding tree met sy volk.
 - Die God van die verbond spreek die Here – die majesteit en heerlikheid van God aan.
 - Die koninklike aspek van God word hier aangespreek.
 - So sien ons dat hier gewys word na Jesus as die koning oor die hele aarde en daarom word Hy ook as Here aangespreek.
- En die profetiese woorde wat hierop volg, beklemtoon juis die koninklikheid van Christus aan.
 - Alle vyande gaan aan Hom onderwerp word.
 - Niks of niemand sal nie onder die heerskappy van God val nie.
 - Wanneer die Here dan aan die regterhand van God sit is dit juis die teken wat Christus bevestig as koning.
- Die septer wat uit Sion oorhandig word is die simboliese bevestiging van Christus se koningskap.
 - Sion is die naam wat dikwels gebruik word vir Jerusalem.
 - Christus is die een wat hieruit sal kom.
 - Hierdie septer maak Christus nie koning nie, want Christus is nog altyd koning, maar hierdie septer is die teken sodat elkeen sal kan sien dat Hy die koning is.
- Maar hierdie koningskap word nie net deur ‘n septer bekragtig nie, maar ook in dit wat Christus doen om sy koningskap bevestig.

- 'n Koning vestig sy mag as die vyande nie teen hom in opstand kom nie.
 - En dit beloof Christus ook om te doen.
 - Sy vyande sal uitgewis word.
 - In vers 6 sien ons die harde realiteit – Hy laat die wêreld vol lyke lê.
 - Dit beteken nie dat Christus 'n bloeddorstige koning is nie.
 - Maar dat Hy reg laat geskied.
 - Geen vyand van God sal staande bly voor die krag van God nie.
- Christus is soewerein.
 - Hierdie woord beskryf die koningskap van Christus.
 - Hy is oral koning.
 - Daar is geen plek waar Christus se koningskap nie geld nie.
 - As jy uit die landsgrense van Suid-Afrika beweeg, geld die reëls van Suid-Afrika nie meer vir jou nie.
 - Maar daar is nêrens waarheen jy kan vlug waar die soewereine mag en heerskappy van Christus nie van krag is nie.
 - Maar Christus is nie net oral koning nie, Hy is ook oor alle tye koning.
 - Op 31 Mei 1961 het Suid-Afrika 'n soewereine staat geword.
 - Dit beteken die land was nie meer onder die monargie van die Britse koninkryk nie.
 - Voor daardie dag was Suid-Afrika onder die wet en beheer van die Britse koninkryk.
 - Maar daar is geen tyd waar Christus nie soewerein was nie.
 - Hy was en is en sal altyd die koning wees oor alle dinge en tye.
 - En niks kan dit verander nie.
 - Elke knie sal voor Christus buig of jy wil of nie.
 - Dit verseker ons ook dat die tyd sal aanbreek wanneer Christus sal terugkom om te oordeel oor die lewendes en die dooies.
 - Niemand sal die oordeel kan vryspring nie.
 - Daarom hou ons vas aan die belydenis dat Christus sal terugkom.

Christus is op pad

- Jesus het self tydens sy lewe op aarde getuig dat sy koms op pad is.
 - Dit beteken nie vir ons die einde van alle dinge nie, maar dat die einde van dit wat ons nou ken sal verbygaan.
- Christus belowe self – “Ek kom gou”
- Die koms van Christus het vir elke gelowige besondere waarde.

- Die waarde van Christus se wederkoms se waarde is opgesluit in die feit dat Christus gesterf het en weer opgestaan het.
 - Christus se wederkoms is die vervulling van dit wat reeds deur Christus begin is.
 - Voor ons oë speel die vervulling af wanneer ons vashou aan die belofte dat Hy definitief weer kom.
- Dit is nie 'n droom waaraan ons vashou nie, maar iets wat die Gees in ons opwek om die sekerheid saam met ons te dra dat Christus beslis weer gaan terugkeer.
 - Ons kan so seker wees daarvan dat ons kan sê: Hy is op pad!
- Die wonderlike dag wanneer Christus gaan terugkeer, is op pad.
- Daarom sien ons ook die tekens van die eindtyd – oorlog, misdaad, pes en vervolging.
 - Tog word hierdie tekens so gereeld misbruik om sekere agenda's te gebruik.
 - Meeste van ons het al iewers in die laaste paar weke die boodskappe gesien en gehoor dat die Covid-19 virus vir ons wys dat Christus se koms naby is.
 - Die realiteit is dat Christus se koms al die laaste 2000 jaar naby is.
- Daarom vind hierdie tekens in die laaste dae plaas.
 - Hierdie laaste dae is nie 'n uurglas wat besig is om uit te loop nie, maar 'n duidelike beskrywing van die tyd wat verloop tussen Christus se eerste koms en die wederkoms.
 - Daarom moet ons nie sit en raai wanneer Christus weer kom nie.
 - Die tyd kan nie afgelei word deur al die gebeure hier op aarde nie.
 - Die gebeure wat ons daaglik beleef, is nie 'n tydlyn wat ons kan skets om vas te stel wanneer Christus terugkeer nie.
- Ons moet hierin die profetiese aard raaksien.
 - Met profetiese aard bedoel ons – Wat sê die Here vir ons vandag uit sy Woord uit?
 - Die antwoord – Hy kom.
 - Die wederkoms is 'n realiteit.
 - As gelowiges is ons bevoorreg dat ons hierdie realiteit kan glo.
 - Die tekens van die eindtyd is altyd teleskopies.
 - Dit beteken daar is iets wat ons hier en nou raaksien, en dan is daar iets wat ver voor is wat ons ook raaksien.
- Hier en nou beleef ons die eindtyd se gebeure om ons te herinner dat ons in die geloof moet volhard, maar dit wys ook vir ons vorentoe dat Christus wel op pad is.

- Daarom is daar ook die proses wat gepaardgaan met die eindtyd.
 - Die tyd van hartseer en beproewing en vervolging gaan die wederkoms vooraf.
 - Maar ons weet dat die beproewing, vervolging en hartseer moet gebeur.
 - Ons word egter getroos dat dit wel verby sal gaan.
 - Want Christus kom!
- Daarom is al hierdie tekens nie 'n teken van wanneer Christus kom nie, maar die versekering dat Hy wel kom.
 - Elke gebeurtenis wat ons laat dink aan die koms van Christus is 'n genadige uitroep van die bevestiging van die wederkoms.
 - Die gebeure wat ons beleef is soveel meer as 'n datum, dit is 'n bevestiging.
 - In elke teken van hartseer en vervolging word die wederkoms van Christus vir ons 'n groter realiteit.
 - Daarom is hierdie gebeure vir ons almal 'n oproep om te volhard.

Volhard tot die einde aanbreek

- Christus is anders as enige ander wêreldmag.
 - Elke boosheid en mag van hierdie aarde sal uitgewis word deur Christus, maar Christus word verfris en versterk soos wat ons lees in Psalm 110:7.
 - Daarom moet dit ons ook kragtig bemoedig om te volhard totdat Christus weer kom.
- Dit beteken dat ek en jy vashou aan die beloftes van Christus se wederkoms.
 - Net so seker soos wat Christus gesterf het en begrawe is, net so seker as wat Hy betaal het vir jou sondes, net so seker soos wat Christus opgestaan het en opgevaar het na die hemel, net so seker sal Hy terugkom om sy oordeel te volstrek.
 - En ons word verseker dat ons bewaar sal word totdat daardie oomblik aanbreek.
 - Ons sal gereed wees vir daardie heilige stryd wanneer daardie dag aanbreek.
 - Want ons hoef nie die oordeel te vrees nie, want jy het deel aan die regverdigheid wat Christus vir jou verkry het.
 - Jy gaan geoordeel word en vrygespreek word.
 - Op daardie dag sal Christus sy oordeel bring oor elkeen.

- Die lewendes en die dooies.
 - Niemand gaan of kan dit vryspring nie.
- Om hierin te volhard is om die beloftes vas te gryp.
 - Dit beteken dat jy hierdie wonderlike troos aan die wêreld gaan verkondig.
 - Die Here is op pad!

Slot:

- Die Here is koning.
 - Die koning is op pad.
 - Vir die ongelowige is dit 'n vreesaanjaende gedagte.
 - Hierdie koning sal sy oordeel uitspreek en daaruit vloei 'n ewige dood.
 - Die volle toorn en straf sal op jou neerkom.
 - Daarom moet jy bekeer as jy nie glo nie.
 - Want vir die gelowige wag die koms van ons verlosser, koning en redder.
 - Die ewige lewe wag op ons wat oorloop van seën in die wonderlike teenwoordigheid van ons ewige koning.